View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# Die grondwet as gedenkteken en die werkdadigheid van onopvallende, grondwetlike kragte

Lourens du Plessis
Departement Publiekreg
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH
E-pos: lmdp@sun.ac.za

*"Want as ek swak is, is ek sterk." 2 Korintiërs 12:10*

**Abstract**

**Memorialising a constitution: the power of unspectacular constitutional forces**

*Annette Combrink's appointment as rector of the (new) North-West University's Potchefstroom Campus is telling of modest beginnings – for both the North-West University as a new institution and for the "principle of CHE" in terms of which the previous Potchefstroom University asserted the right to be a confessional university with a Christian-Reformational (or Calvinistic) profile.*

*The point of this article is that modest beginnings need not be equated with weakness, inconsequentialness or failure: strength is often to be found not (only) in the spectacular, the ostentatious and the triumphant, but (also) in the unspectacular, the unassuming and the restrained. This point is illustrated by the various modes of functioning of South Africa's constitution in protecting fundamental rights. Such (contrasting) modes of functioning are investigated and assessed in this article.*

**Opsomming**

**Die grondwet as gedenkteken en die werkdadigheid van onopvallende, grondwetlike kragte**

*Annette Combrink se aanwysing as rektor van die (nuwe) Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus staan in die teken van 'n dag van klein dinge – vir die Noordwes-Universiteit as 'n nuwe instelling en vir die tradisionele "CHO-beginsel"*

*ingevolge waarvan die Potchefstroomse Universiteit voorheen die reg uitgeoefen het om 'n konfessionele universiteit met 'n Christelik-Reformatoriese profiel te wees.*

*Die gedagte wat hierdie artikel probeer tuisbring, is dat 'n dag van klein dinge nie noodwendig gelykgestel hoef te word met swakheid, onbelangrikheid of mislukking nie: krag word dikwels geput nie (slegs) uit die skouspelagtige, die opsigtige en die triomfantlike nie maar (ook) uit die nie-skouspelagtige, die pretensielose en die beheerste. Hierdie gedagte word geïllustreer deur die verskillende maniere waarop die Suid-Afrikaanse grondwet ter beskerming van fundamentele regte funksioneer. Sulke (teëstellende) funksioneringswyses word in hierdie artikel ondersoekend getakseer.*

## 1. Inleidend

Annette Combrink se aanwysing as Potchefstroomse kampusrektor van die Noordwes-Universiteit staan in die teken van 'n amalgamasie waardeur die tradisionele PUK in 'n nuwe, groter Noordwes-Universiteit opgegaan het. Die is 'n dag van klein dinge, eerstens, vir die nuwe inrigting self wat deur 'n bymekaarbring van a- en selfs anti-simmetriese entiteite tot stand gebring is. Dit is nog nie moontlik om met sekerheid te sê of so 'n onderneming in die "nuwe" Suid-Afrika (met bagasie en al uit die "ou" Suid-Afrika) kan slaag nie. Die Noordwes-amalgamasie is allesbehalwe langtand aangepak: daar is ernstig beraadslaag en gedeë beplan ... en, soos verwag sou kon word, is soms ook skouers geskuur. Alles inaggenome lyk dit asof, indien 'n amalgamasie van (voorheen) uiteenlopende tersiêre inrigtings suksesvol kan wees, die Noordwes-amalgamasie die eerste suksesverhaal in Suid-Afrika kan wees.

Tweedens moes die CHO-PUK die "PUK-beginsel" – wat tradisioneel nóú met die "Potchefstroomse Universiteit" se "van" ("vir Christelike Hoër Onderwys," of, kortweg "CHO") vereenselwig is (kyk byvoorbeeld http://www.puk.ac.za/puk/geskiedenis.html) – grotendeels prysgee, en daarmee saam die wetlike erkende reg om 'n konfessionele universiteit te wees wat openlik, in onderrig, navorsing en bestuur, aan Christelik-Reformatoriese geloofs-oortuigings uiting (kon) gee. Vir die dertien-en-'n-halwe dekade-oue PUK-beginsel het dus (soos weliswaar óók vantevore in die geskiedenis) 'n dag van klein dinge op 'n heel beslissende wyse aangebreek. Vir doemprofete was die CHO-lose amalgamasie 'n doodsklok vir die PUK-beginsel, wat 'n bevoorregte status as *Leitmotiv* moes inboet. Dit het die vraag laat ontstaan of CHO hoegenaamd steeds, in 'n nuwe hoedanigheid, 'n minder opvallende

en nie-skouspelagtige *causa efficiens* kan wees – van beduidende betekenis in die groter (nuwe) Noordwes-Universiteit, maar ook in die akademiese lewe, nasionaal en internasionaal, en ook in ander fasette van die Suid-Afrikaanse samelewing. Ek maak nie in die minste daarop aanspraak dat ek hierdie vraag enigsins gesaghebbend kan of gaan beantwoord nie. Vanuit my vakkundige bemoeienis met grondwetvertolking wil ek egter aantoon dat ’n skouspelagtige implementering van ’n triomfantelike grondwet-as-hoogste-reg nie altyd en sonder meer in die mees deurtastende (en doeltreffende) beskerming van fundamentele regte resulteer nie. ’n Nie-skouspelagtige implementering van ’n onopvallende en “beheerste” grondwet is dikwels meer intens en gevolgryk. Ek wil daarmee (vir verdere oorweging) die gedagte plant dat wat vir die werkswyse(s) van (en met) die grondwet geld, dalk ook vir ’n getransformeerde (of te minste dan ’n *transformerende*) PUK-beginsel kan geld. Die idee van “transformasie” word nie sommer as ’n kodewoord vir politieke korrektheid hier ingesleep nie. Dit moet immers nie uit die oog verloor word dat die konvensionele PUK-beginsel nie kon help voorkom dat die “tradisionele PU vir CHO” (soos ander histories wit en veral Afrikaanse universiteite) ’n geesdriftige apartheidsinstelling sou word en dit sou bly, selfs toe hervormingswolke reeds op die politieke gesigseinder begin saampak het nie. Iets het dus óf met die beginsel óf die nalewing daarvan óf albei geskort – en dít op sigself regverdig én noodsaak transformasie-gevoelige herwaardering.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 was in die proses van waardetransformasie aan die nuwe Noordwes-Universiteit oor die laaste dekade of wat, kennelik ’n (indien nie *dié*) dryfveer. In die Visie- en Missieverklaring van die Noordwes-Universiteit word byvoorbeeld gesê dat die nuwe universiteit “die waardes van menslike waardigheid, gelykheid, vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, toewyding aan uitmuntendheid, wetenskaplike betrokkenheid, akademiese vryheid en geregtigheid” aanhang (http://www.nwu.ac.za/nwu/vision/index_a.html) – dít herinner sterk aan die waardestellings in artikels 1(a), 7(1), 36(1) en 39(1) van die RSA-grondwet. Die Aanhef tot die Statuut van die Noordwes-Universiteit maak voorts ook daarvan gewag dat die universiteit tans gedrewe is “deur ’n enkele stel grondwetlik gebaseerde waardes, in die besonder menswaardigheid, gelykheid en vryheid” (http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/gov-man/statute/NWU_Statute_2005-final_AFR.pdf). En les bes, om ook formeel in ooreenstemming met die grondwet te bly, moet die Statuut (ingevolge artikel 3 daarvan) “in die gees van en behoudens

die bepalings van die Grondwet [van die Republiek van Suid-Afrika, 1996] en die Wet [op Hoër Onderwys, 101 van 1997]" vertolk en toegepas word.

Die institusionele waarde-opset aan die Noordwes-Universiteit verskaf dus rede om in 'n bydrae soos hierdie oor die grondwet en die beskerming van fundamentele regte te skryf. Op 'n meer persoonlike noot, roep so 'n aanpak ook Annette Combrink se bydrae as een van 'n Gideonsbende regte-aktiviste op die ("ou") PUK-kampus in herinnering: sy was een van diegene wat hulle beywer het vir akademiese, politieke en sosiale waardes en regte wat eers ná 1994 in 'n demokratiese Suid-Afrika (en ook aan die PUK) werklik tot hulle reg begin kom het. Annette was dus 'n belangrike wegbereider vir die grondwetgeïnspireerde waardestel wat tans aan die nuwe Noordwes-Universiteit in swang is. Deur die moontlikheid te oorweeg dat 'n sekere styl van grondwetlike regtebeskerming met 'n meer beskeie implementering van die PUK-beginsel in "veranderde tye" vergelykbaar is, sê ek per implikasie ook vir Annette, in haar amp as PUK-rektor: "Sterkte vorentoe! En mag jy 'n fyn aanvoeling hê vir wat blywend saak maak."

Die werkdadigheid van die grondwet word in hierdie artikel uit twee perspektiewe in oënskou geneem:

- Eerstens word twee *dicta* (woordelikse aanhalings) uit hofuitsprake, waarin op onderskeidelik 'n grootse en 'n meer gedempte manier van *ubuntu*, as 'n veelbetekenende grondwetlike waarde gewag gemaak word, in hulle konteks vergelykend van naderby bekyk.
- Tweedens word aan die hand van twee voorbeelde – weereens uit die grondwetlike regspraak – aangetoon dat die (skouspelagtige) grondwet soms té magtig kan wees om weerlose enkelinge met regte-beskerming te hulp te snel. Ander kere kan die grondwet egter weer, op 'n beheerste en onopvallende manier, individuele gevalle só beredder dat betekenisvol in die lewensituasies van mense ingegryp en 'n verskil gemaak word aan hulle geknakte menswaardigheid (selfs postuum).

Die artikel word afgesluit met enkele takserende slotperspektiewe.

## 2. Die eerste perspektief: 'n grootse en 'n gedempte grondwet

Twee *dicta* uit uitsprake van verskillende Suid-Afrikaanse howe illustreer treffend heel verskillende maniere van omgaan met die

grondwet en grondwetteks – insonderheid met *ubuntu* wat in Suid-Afrika se oorgangsgrondwet (die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993) as 'n Afrikawaarde van besondere betekenis by name vermeld is. Ofskoon die woord *ubuntu* nie meer in die finale grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 voorkom nie, is die idee of "filosofie" waarna die woord verwys steeds in 'n waarde-hoedanigheid werksaam (soos veral uit die tweede *dictum* blyk). Die eerste *dictum*, groots, teuelloos en byna uitspattig, is 'n regterlike ode aan hierdie Afrikawaarde. Die tweede *dictum*, aansienlik meer pretensieloos en terughoudend, maak 'n appèl op dieselfde waarde, maar word gedemp deur 'n keiharde werklikheid van tragiese omstandighede.

> Dictum 1
>
> The need for '*ubuntu*' expresses the ethos of an instinctive capacity for and enjoyment of love towards our fellow men and women; the joy and the fulfilment involved in recognizing their innate humanity; the reciprocity this generates in interaction within the collective community; the richness of the creative emotions which it engenders and the moral energies which it releases both in the givers and the society which they serve and are served by (*S. v. Makwanyane and Another*, 1995 (6) B.C.L.R. 665 (1995 (3) S.A. 391) (K.H.) par. 263 per Mahomed R.).
>
> Dictum 2
>
> The applicant is critically ill. He is dying. Imprisonment is too onerous for him by reason of his rapidly deteriorating state of health to continue remaining in jail and to be treated at a prison hospital. What he is in need of is humanness, empathy and compassion. These are values inherently embodied in Ubuntu (*Du Plooy v. Minister of Correctional Services and Others*, [2004] 3 All S.A. 613 (T.) par. 29).

*Ubuntu,* die grootste gemene deler in albei *dicta,* word met die spreuk "umuntu ngumtu ngabayne abantu" ("'n mens is 'n mens deur ander mense") vereenselwig:

> *Ubuntu* embraces humaneness, group solidarity, compassion, respect, human dignity, conformity to basic norms and collective unity, humanity, morality and conciliation (*Crossley en Others v. National Commissioner of Suid-Afrikaanse Police Service and Others*, [2004] 3 All S.A. 436 (T.) par. 18).

*Dictum 1* kom uit die Suid-Afrikaanse Konstitusionele Hof se toonaangewende uitspraak in die saak van *S v Makwanyane* (1995

(6) B.C.L.R. 665 (1995 (3) S.A. 391) (K.H.)), die eerste uitspraak wat deur die pas aangestelde, eerste regters van daardie hof geskryf is.[1] Dit is ’n epogmakende en veral *monumentale* uitspraak deur en deur:

- Eerstens moes die hof die teerling werp oor ’n frappant politieke omstredenheid, naamlik die grondwetlikheid van doodstraf. Die uitkoms van die uitspraak is oorbekend, maar desondanks – anders as wat die spreekwoord dit het – hoogs onbemind.
- Tweedens was die Makwanyane-uitspraak bestem om – in ’n konstitusionele demokrasie-in-kinderskoene – toonaangewend te wees vir die onstaan en groei van die spesialis Konstitusionele Hof se eie regspraak en van grondwetlike regspraak oor die algemeen. Etlike belangwekkende wegwysers is in die loop van dié uitspraak opgerig. Die regters van die Konstitusionele Hof het eenparig – saam met Arthur Chaskalson, tóé die president van die hof, in sy “hoofuitspraak” – bevind dat die doodstraf ongrondwetlik is, maar elke individuele regter het ook ’n eie uitspraak, met ’n eie perspektief op die doodstrafkwessie gegee.

Sommige van die regters het in hulle afsonderlike uitsprake aangevoer dat *ubuntu* ’n veelbetekenende Afrikawaarde is wat op die grondwetlikheid van die doodstraf lig kan werp (Cockrell, 1996:24, voetnoot 117). Die woord *ubuntu* was ingeskryf in die rare Narede of Naskrif (“Postamble”/“Postscript”) tot die oorgangs-grondwet wat soos volg gelees het:

> National Unity and Reconciliation
>
> This Constitution provides a historic bridge between the past of a deeply divided society characterised by strife, conflict, untold suffering and injustice, and a future founded on the recognition of human rights, democracy and peaceful co-existence and development opportunities for all South Africans, irrespective of colour, race, class, belief or sex.
>
> The pursuit of national unity, the well-being of all South African citizens and peace require reconciliation between the people of South Africa and the reconstruction of society.
>
> The adoption of this Constitution lays the secure foundation for the people of South Africa to transcend the divisions and strife

1 Maar dit is nie ook die hof se eerste gerapporteerde uitspraak nie – dié eer het *S. v. Zuma and Others* 1995 (4) B.C.L.R. 401 (1995 (2) S.A. 642) (K.H.) te beurt geval.

> of the past, which generated gross violations of human rights, the transgression of humanitarian principles in violent conflicts and a legacy of hatred, fear, guilt and revenge.
>
> These can now be addressed on the basis that there is a need for understanding but not for vengeance, a need for reparation but not for retaliation, a need for *ubuntu* but not for victimisation.
>
> In order to advance such reconciliation and reconstruction, amnesty shall be granted in respect of acts, omissions and offences associated with political objectives and committed in the course of the conflicts of the past. To this end, Parliament under this Constitution shall adopt a law determining a firm cut-off date, which shall be a date after 8 October 1990 and before 6 December 1993, and providing for the mechanisms, criteria and procedures, including tribunals, if any, through which such amnesty shall be dealt with at any time after the law has been passed.
>
> With this Constitution and these commitments we, the people of South Africa, open a new chapter in the history of our country.
>
> Nkosi sikelel' iAfrika. God seën Suid-Afrika
>
> Morena boloka sechaba sa heso. May God bless our country.
>
> Mudzimu fhatutshedza Afrika. Hosi katekisa Afrika (eie kursivering van *ubuntu* – LMdP).[2]

Die Narede tot die oorgangsgrondwet is as historiese en tegniese rarigheid of "eenmaligheid" in daardie grondwetteks ingesluit. Die doel was om 'n grondslag te lê vir die daadwerklike bereddering van die vraagstukke van amnestie vir en kwytskelding van vergrype wat gedurende die apartheidsera (met politieke oogmerke) deur daders "aan beide kante van die konflik" gepleeg is. Sonder om te veel te sê, het die Narede 'n gemoedstemming probeer verwoord (en stappe voorsien) wat bevorderlik sou wees om vyandighede en verdelings van die verlede te oorkom en strydbyle te begrawe. Die Narede verteenwoordig egter ook 'n "terugvalposisie", omdat die tussentydse grondwetgewers nie in fyner besonderhede oor 'n oplossing vir amnestie- en vrywaringsvraagstukke kon ooreenkom nie en dus 'n dubbelsinnige tussentydse reëling moes tref vir

2 *Ubuntu* is uit die amptelike Afrikaanse weergawe van die Narede "uitvertaal" en met "medemenslikheid" vervang. Hierdie drastiese verenging van die betekenismoontlikhede van *ubuntu* maak dat die Afrikaanse weergawe van die Narede liefs vermy moet word.

heroorweging, na inwerkingtrede van die oorgangsgrondwet. Die Narede het uiteindelik aanleiding gegee tot die aanvaarding van gepaste wetgewing (die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening, 34 van 1995) wat die Waarheids- en Versoeningsproses (soos wat dit mettertyd bekend sou word) ingelui en begelei het.[3] Ingevolge item 22(1) van Bylaag 6 tot die 1996-grondwet bly die Narede tot die oorgangsgrondwet steeds van krag vir doeleindes van (i) die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening en (ii) 'n beoordeling van die grondwetlike geldigheid van die betrokke wet.

3 Die 1993-Narede het duidelik weer die tekstuele grondslag gelê vir die bewoording van die Voorrede tot die 1996-Grondwet, dié keer inderdaad slegs bedoel as 'n histories gevoelige, waardegebaseerde, plegtige verklaring van voorneme en solidariteit en nie as dubbelsinnige en moontlike grondslag vir 'n politieke kompromie wat nog "uitonderhandel" moes word nie. 'n Verbatim verwysing na *ubuntu* kom nie weer voor nie. Die 1996-Voorrede – hier aangehaal in Engels om dit makliker met die in Engels aangehaalde Narede hierbo te kan vergelyk – lui soos volg:

**Preamble**

We, the people of South Africa,

Recognise the injustices of our past;

Honour those who suffered for justice and freedom in our land;

Respect those who have worked to build and develop our country; and

Believe that South Africa belongs to all who live in it, united in our diversity.

We therefore, through our freely elected representatives, adopt this Constitution as the supreme law van die Republic so as to

Heal the divisions of the past and establish a society based on democratic values, social justice and fundamental human rights;

Lay the foundations for a democratic and open society in which government is based on the will of the people and every citizen is equally protected by law;

Improve the quality of life of all citizens and free the potential of each person; and

Build a united and democratic South Africa able to take its rightful place as a sovereign state in the family of nations.

May God protect our people.

Nkosi Sikelel' iAfrika. Morena boloka setjhaba sa heso.

God seën Suid-Afrika. God bless South Africa.

Mudzimu fhatutshedza Afurika. Hosi katekisa Afrika.

Madala R. se hele uitspraak in *Makwanyane* handel oor die betekenis van *ubuntu* vir ’n grondwetlike beoordeling van die doodstraf, en so ook ’n wesenlike deel van die uitspraak van Langa R. Albei regters oordeel dat die doodstraf onversoenbaar is met *ubuntu* as ’n waarde in die Oorgangsgrondwet. Mokgoro R. gee indringend aandag aan die lewens- en wêreldbeskouing waarmee *ubuntu* vereenselwig word en fundeer en motiveer haar gebruik van *ubuntu*, anders as haar ander geleerde kollegas wat ook dié woord in hulle uitsprake gebruik, op ’n oorwegend akademiese manier. Haar slotsom is nietemin dieselfde as dié van Madala R. en Langa R. Mahomed R., latere en ontslape Hoofregter van Suid-Afrika, sou die een wees om, in ’n trant wat anders as dié van sy kollegas was, ’n verbale praalmonument ter ere van *ubuntu* op te rig – en *Dictum 1* is daardie monument.

*Dictum 2* kom uit ’n uitspraak in die Transvaalse Hoë Hof in Pretoria in *Du Plooy v. Minister of Correctional Services and Others* ([2004] 3 All S.A. 613 (T.) par. 29). Op 11 September 2003 is ene William Collins du Plooy, gevangene nommer 203639084 in die Pretoriase Plaaslike Gevangenis, tot 15 jaar gevangenisstraf vir gewapende roof gevonnis. Du Plooy het aanvanklik aan kroniese miëloïede leukemie gely, maar sy siekte het terwyl hy in die tronk was, ’n versnelde fase binnegegaan en was besig om in akute leukemie oor te gaan. Hy was dus terminaal siek, sy lewensverwagting was erg beperk en hy het voortdurende sorg – wat nie in die tronkhospitaal beskikbaar was nie – dringend benodig. Sy aansoek vir “mediese parool” is deur die gevangenisowerheid (en spesifiek die Paroolraad) van die hand gewys, omdat hy “nie aan die vereistes voldoen” het nie. Gevolglik het hy hom op die hof beroep en sy hersieningsaak het op 15 Maart 2004 voor Patel R., die regterlike outeur van *Dictum 2*, gedien.

Die hof was snydend krities oor die gevangenisowerheid se ongenaakbare houding, maar het uiteindelik op ’n tegniese punt teen die gemelde owerheid beslis: die verkeerde funksionaris het naamlik, aldus die hof, die besluit geneem om Du Plooy parool te weier. Patel R. het nietemin ook daarop gewys dat die afwysende besluit irrasioneel en onredelik was, en *Dictum 2* is deel van die hof se motivering vir dié siening. Weereens is *ubuntu* (wat nie meer by name in die 1996-grondwet vermeld word nie – vgl. voetnoot 3) in die prentjie gebring – amper in die verbygaan en tog ook só kragtig dat ’n sterwende man uiteindelik teruggestuur is na sy vrou, Susan, om sy laaste dae in hulle gemeenskaplike woning in Pretoria te slyt. Politieke korrektheid kan die Indiërregter kwalik ten laste gelê word: Du Plooy was ’n witman en ’n deurtrapte skelm en misdadiger, wat

nie die onnodige simpatie verdien het nie. Hy het ’n veragtelike misdaad gepleeg terwyl hy reeds ernstig siek was. Nogtans was die regter bereid om aan hom deernis en medemenslikheid te bewys en hom die volle voordeel van *ubuntu* te gee, deur ’n beslissing van die gevangenisowerhede – die veronderstelde kundiges oor parool-aangeleenthede – omver te werp.

Die *Du Plooy*-uitspraak en *Dictum 2* is, aan alle standaarde gemeet, nie-skouspelagtig. Selfs al sou die regter ’n fout gemaak het om die vrylating van ’n onverdienstelike misdadiger te gelas, sou dit nie ernstige gevolge vir die samelewing ingehou het nie – die betrokkene was in elk geval sterwend. Die uitspraak self en die *dictum* is baie minder monumentaal en skouspelagtig as Mahomed R. se kragtoer in die *Makwanyane*-uitspraak in *Dictum 1*. Hierdie waarneming is nie as ’n waarde-oordeel bedoel nie, maar as ’n illustrasie van hoe treffend *Dicta 1* en *2* (en die onderskeie uitsprake waarin hulle voorkom) die verskille tussen twee benaderings tot die grondwet illustreer. Die filosoof, Johan Snyman, se werk oor die politiek van herinnering (“politics of memory”) help met ’n tipering van hierdie twee benaderings.

Snyman (1998) tref ’n veelbetekenende onderskeid tussen monumente (*monuments*) en gedenktekens (*memorials*) met die monumentale as ’n tipies skouspelagtige en seëvierende en die gedenkwaardige (of memorabele) as ’n beskroomde en on-opvallende (*maar nie dáárom onmagtige of minder treffende nie*) gedagtenis of herinneringswyse. Snyman se onderskeid help om die grootse/triomfantlike en die gedempte/diskrete geldingswyses van en werkswyses met ’n grondwet-met-oppergesag metafories *uiteen te stel,* sonder om hulle egter wedersyds uitsluitend *téénoor mekaar te stel*. Die onderskeid tussen die grondwet as monument en die grondwet as gedenkteken – wat ekself voorheen in ’n ander konteks en met ander oogmerke getref het (Du Plessis, 2000) – bevestig die bestaansreg van albei dié grondwetlike modi. Hierdie onderskeid maak “grondwetgebruikers” wat slegs grootse en hoë verwagtings van die grondwet koester daarop attent dat daar ook geleenthede en omstandighede is wat vereis dat terughoudend met die grondwet omgegaan moet word. Minder opvallende (gedenktekenvormige) – in teenstelling met hoogs sigbare (monumentale) – grondwetlike magte moet dan met oorleg ingespan word om die effek daarvan in die grondwet te optimaliseer.

’n Grondwet vertel en skryf tegelyk ’n nasie se geskiedenis. As ’n onontbeerlike manifestasie van die nasionale geheue is dit ’n *monument* en ’n *gedenkteken* tegelyk. ’n Monument vier iets (“it

celebrates"); 'n gedenkteken herdenk iets ("it commemorates"). Na hulle styl en oogmerke weerspreek hierdie twee grondwetlike herinneringswyses mekaar, maar vernietig of sluit mekaar nogtans nie om dié rede uit nie. Dit is heel *moontlik* vir 'n grondwet om sowel 'n monument as 'n gedenkteken te wees indien en vir sover albei hierdie herinneringswyses daadwerklik erken word. Ofskoon dit in hierdie artikel primêr om die krag van die Suid-Afrikaanse grondwet as 'n gedenkteken gaan, mag die monumentale energie van 'n grondwet nie misken word nie en kan 'n mens ook nie daaraan ontsnap nie. Om die waarheid te sê, die aandrang dat die minder opvallende grondwet-as-gedenkteken in diskoerse oor die krag van die grondwet nie aan die vergetelheid prysgegee moet word nie, is 'n realistiese respons op die heel kragtige en onvermydelike teenwoordigheid van die grondwet-as-monument.

## 3. Die tweede perspektief: magtelose óórmagtigheid – en werkdadige magteloosheid

'n Grondwet wat tegelyk iets vier én herdenk huisves onvermydelik 'n weerspreking. Die (positiewe) kreatiewe dinamiek van hierdie weerspreking word treffend in twee voorbeelde uit die Suid-Afrikaanse grondwetlike regspraak geïllustreer. Voorbeeld 1 toon dat die monumentale grondwet soms te (al-)magtig kan wees om 'n individu in nood te hulp te snel en 'n mediese ingreep te help bewerkstelling – om sy/haar lewe te red (of minstens te verleng). Voorbeeld 2 verhaal hoedat, eweneens met 'n beroep op die grondwet, die menswaardigheid van (selfs) 'n ontslape enkeling (en dié van sy naasbestaandes) op 'n nie-skouspelagtige, dog besliste wyse herstel is.

### 3.1 Voorbeeld 1: *Soobramoney v. Minister of Health KwaZulu-Natal, 1997 (12) B.C.L.R.1696 (K.H.)*

Die twee-en-veertigjarige Thiagraj Soobramoney, wat aan iskemiese hart- en hartvatsiekte gely het, het sedert 1996 ook onomkeerbare nierversaking begin ondervind. In sy toestand was nierdialise drie maal per week nie alleen aangewese nie, maar ook gebiedend ten einde hom aan die lewe te hou. Daar was nie 'n moontlikheid dat sodanige terapie uiteindelik op genesing sou uitloop nie – daarvoor was 'n nieroorplanting nodig en dié moontlikheid is uitgesluit deur Soobramoney se algemene swak gesondheidstoestand.

Soobramoney is eers as betalende privaatpasiënt behandel, maar dit het hom finansieel uitgeroei. Hy het aansoek gedoen om tot die nierdialiseprogram by 'n staatshospitaal, die Addington Hospitaal in

Durban, KwaZulu-Natal, toegelaat te word. Dié betrokke hospitaal het egter slegs pasiënte wat ’n kans gestaan het om deur nierdialise genees te word en diegene met kroniese nierversaking wat vir ’n nieroorplanting kwalifiseer, tot hulle program toegelaat. 85 sulke pasiënte is uiteindelik toegelaat tot dié program wat eintlik, gegewe die beskikbare fasiliteite, slegs 60 pasiënte moes akkommodeer. Die tekort aan hulpbronne het meegebring dat 70% van alle pasiënte wat aan onomkeerbare nierversaking gely en aansoek gedoen het om tot die program toegelaat te word, weggewys moes word.

Soobramoney het hom sonder sukses op die Durbanse Hoë Hof beroep vir ’n bevel om die Addington Hospitaal te gelas om hom tot die nierdialiseprogram toe te laat. Hy het gesteun op artikel 27(1)(a) van die grondwet, wat vir elkeen ’n reg van toegang tot gesondheidsorg waarborg en op artikel 27(3) wat konstateer: “Niemand mag mediese noodbehandeling geweier word nie.”

Soobramoney het na die Konstitusionele Hof appelleer, maar dié was ook nie bereid om in te meng met die Addington Hospitaal se weloorwoë administratiewe besluit nie. Regterlike inmenging sou, na die hof se oordeel, in elk geval die delikate balans wat noodsaaklik was vir die voortsetting van die nierdialiseprogram dermate versteur dat die hele program skipbreuk sou ly. Die appèl is gevolglik van die hand gewys. Die hof het wel groot simpatie met Soobramoney gehad en dié simpatie ook verwoord. Nogtans is geoordeel dat, indien die bevel waarvoor Soobramoney gevra het toegestaan sou word, ander in sy posisie ook *regtens* op nierdialises aanspraak sou kon maak. Dit sou meebring dat ’n program waarby enkeles, “hoog genoeg op ’n prioriteitslys”, darem nog gebaat het, heeltemal in duie sou stort – en dan sou niemand meer daarby kon baat nie.

In dié omstandighede kon die hof seker nie tot ’n ander slotsom gekom het nie, maar hierdie onvermydelikheid versag nie die ironie van die geval *Soobramoney* nie. As gevolg van die *Makwanyane*-uitspraak is die lewens van misdadigers in dodeselle, met ’n beroep op die monumentale grondwet gespaar. In *Du Plooy* se geval het die grondwet as gedenkteken eerbied vereis vir die eg menslike behoefte van ’n terminaal siek *misdadiger* om sy laaste dae in die vertroostende teenwoordigheid van sy geliefdes deur te bring. Daarenteen het *Soobramoney*, ’n *wetsgehoorsame* burger wat lewensverlengende mediese hulp broodnodig gehad het, hom tevergeefs op die grondwet beroep, en dít nie vanweë die onmag van die grondwet nie, maar juis omdat die grondwet *té magtig* was om Soobramoney as individu te hulp te snel, sonder om sekere ander pasiënte onnoemlike leed te berokken!

## 3.2 Voorbeeld 2: *Crossley and Others v. National Commissioner of the South African Police Service and Others [2004] 3 All S.A. 436 (T.)*

Mark Scott-Crossley en drie van sy plaaswerkers, Simon en Richard Mathebula en Robert Mnisi, is aangekla van die moord op ’n oudwerknemer van Scott-Crossley, ene Nelson Chisale. Die klag teen Mnisi is later teruggetrek en hy het ’n staatsgetuie geword. Scott-Crossley het Chisale in die pad gesteek en toe laasgenoemde later na die plaas terugkeer om sy besittings te kom haal, is hy erg deur die beskuldigdes aangerand en na bewering lewendig vir ’n trop wit leeus in ’n kamp by die Mokwalo Wildsplaas, naby Hoedspruit in the Limpopo Provinsie, gegooi. Chisale se oorblyfsels – ’n skedel, gebreekte bene en ’n vinger – is later in die leeukamp gevind.

Op Vrydag 12 Maart 2004 het Scott-Crossley en die ander twee beskuldigdes hulle op die Pretoriase Hoë Hof beroep vir ’n dringende interdik om Chisale se begrafnis wat vir die Saterdagoggend om 06h00 in die dorpie Maboloka, digby Brits beplan is, stop te sit. Die applikante het naamlik verlang dat ’n patoloog wat hulle prokureurs namens hulle sou aanwys, die geleentheid moes hê om die oorblyfsels van die oorledene te ondersoek, ten einde forensiese getuienis wat by hulle uiteindelike verhoor aangebied sou word te kon evalueer (en weerspreek, indien nodig). ’n Aantal staatsfunksionarisse wat met die ondersoek van die moord gemoeid was, is as respondente gebruik, maar nie een van hulle het die aansoek opponeer nie.

Patel R. wat die aansoek aangehoor het, het uiteindelik die aansoek van die hand gewys, omdat die applikante nie ’n grondslag vir die dringendheid daarvan kon lê nie. Die prokureurs van die applikante was ’n hele tyd voordat die aansoek gebring is, in verbinding met die staat se deskundige getuie wat die nodige toetse moes uitvoer en hulle was terdeë bewus van die feit dat die vervolgingsgesag nie van voorneme was om te voldoen aan hulle versoek om die oorledene se oorblyfsels vir verdere toetse beskikbaar te hou nie. Die aansoek kon en moes dus, so bevind die hof, op ’n heelwat vroeër stadium aanhangig gemaak gewees het en die “dringendheid” daarvan ’n dag voor die beplande begrafnis, was te wyte aan die applikante se eie uitstellery.

In die loop van sy uitspraak het Patel R. gewigtige aangeleenthede geopper, sonder om ’n duidelike aanduiding te gee of en hoedat hierdie kwessies sy uiteindelike bevindings beïnvloed het. Hy het

byvoorbeeld ’n ophef gemaak van die applikante se versuim om die familie van die oorledene van die aansoek in kennis te stel en hulle desnoods as respondente te voeg. Die applikante het te kenne gegee dat dit moeilik was om die oorledene se familie op te spoor, maar sommige familielede het desondanks in die pers van die aansoek verneem en twee van hulle het inderdaad by die verhoor opgedaag: ’n niggie, me. Fetsang Jafta, en haar oom, mnr. Terrence Mashigo, die bestuurder verantwoordelik vir aangeleenthede rakende gemeenskapsdeelname in die kantoor van die uitvoerende burgemeester van die Madibeng Plaaslike Gemeenskap. Laasgenoemde was nie ’n bloedverwant van die oorledene nie, maar die regter het hom nogtans die geleentheid gegee om die hof namens die familie toe te spreek – ’n geleentheid wat hy toe benut het om te verduidelik dat sekere rituele voorbereidings vir die begrafnis die Saterdagoggend om 06h00 reeds getref was en dat, volgens die familie se gewoontes en geloofsoortuigings, die begrafnis op die betrokke dag en uur soos vooraf beplan móés voortgaan. Die regter was van oordeel dat mnr. Mashigo die hof met waardigheid toegespreek het en dat enige poging om sy plegtige rede op te som, nie reg daaraan sou laat geskied nie. Gevolglik is dit woordeliks in die hof se uitspraak aangehaal.

Die grondwetlike vraag in hierdie saak was of die familie se reg om uiting te gee aan hulle gewoontes en geloof deur die oorledene op ’n gesette tyd, met die oog waarop voorbereidings getref is, te begrawe, toegelaat kan word om die applikante se reg op ’n regverdige verhoor te troef. Streng gesproke was dit nie vir die hof nodig om hierdie vraag te beantwoord nie, aangesien reeds op ’n ander grond, naamlik ’n gebrek aan dringendheid, téén die applikante beslis is. Patel R. het hom nietemin oor die grondwetlike kwessie uitgelaat en tot die slotsom gekom dat die oorledene en sy familie se reg op menswaardigheid wel die applikante se reg op ’n regverdige verhoor troef. Die regter het die *spreuk* “umuntu ngumtu ngabayne abantu” (*’n mens is ’n mens deur ander mense*) (vgl. ook *Dictum 1* in 2. hierbo) as “a further *raison-d’être*” vir die hofbevel voorgehou (vgl. par. 18 van die uitspraak). Patel R. se beroep op wat hy die *ubuntu*-metafoor genoem het, was ’n poging om medemenslikheid en menswaardigheid vir die oorledene en sy bedroefde (uitgebreide) familie uit ’n plastieksakkie met doodsbeendere te herwin. Dit is ook wat Terrence Mashigo, ontdaan van pretensie, in sy aangrypende pleidooi probeer doen het. Hy het hom uitgespreek vír die nakoming van ’n tradisie, maar veel meer ook vir die herstel van die oorledene en die familie se menswaardigheid. Dié menswaardigheid is nie alleen deur die mishandeling van en

afskuwelike moord op ’n geliefde sleg verniel nie, maar is ook deur die applikante (en in die besonder Scott-Crossley) se skouer-ophalende bewering dat die familie (bloed- en aanverwante, maar bowenal deur *ubuntu* ook geesverwante) nie opspoorbaar was nie – daarom kon daar nie met hulle in verbinding getree word om hulle van ’n naderende hofproses, waarby hulle ’n wesenlike belang gehad het, te verwittig nie. Om op so ’n wyse ’n familie se identiteit in ’n aangeleentheid so gewigtig soos die begrafnis van een uit hulle geledere af te kam, is ’n ernstige aanslag op die menswees en -waardigheid van almal. Die herrysenis van die oorledene en sy familie se menswaardigheid kan ’n wins vir baie ander wees – veral in Suid-Afrika waar mense se gewoontes en geloofsoortuigings oor die terrustelegging van hulle geliefdes al hoe groter grondwetlike beskerming begin geniet.[4]

Die monument-gedenktekenmetafoor kan ook help om die uitsprake in die *Soobramoney*- en *Scott-Crossley*-sake (in Voorbeelde 1 en 2 hierbo) onderskeidend te tipeer: die eerste uitspraak werk kennelik met die grondwet-as-monument en die tweede met die grondwet-as-gedenkteken. Word die magtelose óórmagtigheid wat in die monumentale uitspraak manifesteer egter met die werkdadige magteloosheid van die gedenkwaardige uitspraak gekontrasteer, tree *kompleksiteit* as merkteken na vore. Die effek dáárvan kan in ’n mate gepeil word deur by nog ’n filosoof, Paul Cilliers (2004), kers op te steek. Cilliers (2004) argumenteer dat ’n beskeie standpunt-inname/posisie nie noodwendig “swak” is of hoef te wees nie. Die beskeie standpunt is die “weerlose posisie”, *maar* dit is potensieel ook ’n gevolgryke en kragtige posisie omdat *dit kompleksiteit verreken* en daardeur implisiet erken dat ’n verwikkelde werklikheid nie met ons rede of verstand afdoende beredder kan word nie. As

4 Die *Scott-Crossley*-uitspraak stel byvoorbeeld ene Grace Nkosi in die gelyk. Sý is vyf jaar vantevore op ’n aanvegbare wyse deur die Pretoriase Hoë Hof (en uiteindelik ook die Hoogste Hof van Appèl) grondwetlike erkenning ontsê van haar reg om haar oorlede seun in ’n familiekerkhof op die plaas van ene Gideon Bührmann (waar sy gewoon het) te begrawe: vgl. *Bührmann v. Nkosi and Another* 2001 (1) S.A. 1145 (T.) en (op appèl) *Nkosi and Another v. Bührmann* 2002 (1) S.A. 372 (H.H.A.). Vgl. ook die latere uitsprake in *Nhlaathi and Others v. Fick* 2003 (7) B.C.L.R. 806 (L.C.C.) en *Serole and Another v. Pienaar* 2000 (1) S.A. 328 (L.C.C.) wat voorafgegaan het aan wysigings van die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfsreg 62 van 1997 (ESTA), om erkenning te gee aan ’n reg om ’n ontslape “okkupeerder” en familielede van die okkupeerder wat sterf terwyl hulle saam met hom/haar woon, op die grond waar die betrokke oorledene gewoon het te begrawe. Die Grondeisehof het in die saak van *Nhlabathi and Others v. Fick* 2003 (7) B.C.L.R. 806 (L.C.C.) bevind dat die gemelde wysigings grondwetlik in orde is.

nie-aanmatigende posisie het die beskeie standpunt ’n broertjie dood aan *essensialisme*,[5] dit wil sê die triomfantlike denkhouding wat probeer voorgee dat ’n komplekse werklikheid in terme van een of enkele wetmatige (en onvermydelik reduksionistiese) kern-formule(s) beskryf en begryp kan word. Essensialisme kan ewegoed as keiharde, positivistiese natuurwetenskap of verdogmatiseerde en ideologies-instrumentele sosiale- en/of geesteswetenskap (óók regswetenskap) manifesteer – en albei is ewe misplaas in hulle magswaan.

Kompleksiteitsbewussyn en *-belewing* is ’n teelaarde vir teëstellings (*aporiai*, paradokse, hiperdokse) én vir die moontlikheid om daarmee saam te leef. Daar is nie ’n reglynig-logies-houdbare en selfingenome verklaring daarvoor dat ’n oppermagtige grondwet, wat misdadigers van die galg kan red, ’n wetsgehoorsame burger wat terminaal siek is broodnodige mediese behandeling kan ontsê nie. Hierdie – in Friedrich Wilhelm Nietzsche (1920-1929:47) se woorde – “unauflösbare Disharmonie des Daseins” verhewig wanneer ’n beroep op dieselfde grondwet ’n nie-skouspelagtige, dog werkdadige héélmaak en herrysenis van die menswaardigheid van ’n oorledene – van wie slegs ’n skedel, ’n plastieksakkie gebreekte bene en ’n vinger oorgebly het – en van sy miskende naas-bestaandes tot gevolg het.

Om met teëstellings en teësprake te moet saamleef, en hulle selfs as geleenthede aan te gryp, is in die arena van wets- en grondwetvertolking nie vreemd nie. ’n Voorbeeld van ’n grond-liggende grondwetlike *aporia* is die vraagstuk van meerderheids-ondermyning (in die Amerikaanse literatuur, die *counter-majoritarian difficulty* genoem) – ’n spookbeeld wat na vore geroep word deur die konstatering van grondwetlike oppergesag in die grondwetteks (soos in artikel 2 van die R.S.A.-grondwet[6]) en deur die daarstel van doeltreffende regterlike meganismes (soos dié in artikels 165[7] en

5 Cilliers self behandel die essensialisme-verskynsel nie by name nie, dog wel per implikasie.

6 “Hierdie Grondwet is die hoogste reg van die Republiek; enige regsvoorskrif of optrede daarmee onbestaanbaar, is ongeldig, en die verpligtinge daardeur opgelê, moet nagekom word.”

7 Ingevolge hierdie artikel bind hofbevele alle staatsorgane (art. 165(5)), word die onafhanklikheid van die regbank gewaarborg (arts. 165(2) en (3)) en word voorsiening gemaak vir die jurisdiksie van die Konstitusionele Hof (arts. 163(3)-(7)), die Hoogste Hof van Appèl (art. 168(3) – per implikasie) en Hoë Howe (art. 169(a)) in, onder meer, *grondwetlike aangeleenthede,* dit wil sê aangeleenthede

172[8] van die R.S.A.-Grondwet) (Du Plessis, 2006:221-222) om sodanige oppergesag te laat geld. Die vraagstuk van meerderheidsondermyning het dáármee te make dat *onverkose* regsprekers 'n streep kan trek deur wetgewing van *populêr verkose* wetgewers. Howe kan verder ook handelinge van organe van die uitvoerende gesag ongedaan maak – dít terwyl d*emokraties verkose volksverteenwoordigers* in die eerste instansie *rekenskap* van sodanige organe (behoort te) *verg* (Tushnet, 1985:1503; Davis, Chaskalson & De Waal, 1994:6-19; Currie & De Waal, 2005:22; Du Plessis, 2002:28). Regters wat wetgewing en administratiewe handelinge omgeldig verklaar gee normaalweg daardeur aan die oppergesag van die grondwet gevolg en "doen" dus gewoon "hulle werk", maar dít op sigself is nie voldoende om die vraagstuk van meerderheidsondermyning op te los nie.

Meerderheidsondermyning is 'n *vraagstuk* of predikament, nie omdat grondwetlike hersiening van wetgewing en administratiewe optrede veroorloof word nie – in die meeste een-en-twintigste eeuse demokrasieë word aanvaar dat dít 'n móét is. Meerderheidsondermyning skep potensieel egter 'n verknorsing vir regsprekers, as "bewakers van die grondwet", indien hulle nie deurentyd in hulle pasoppens bly om die grondwet beheers te implementeer nie. Regterlike *selfbeheersing* is die lewensaar van geloofwaardige grondwetlike hersiening (tot dieselfde mate as wat grondwetlike oppergesag die hartklop daarvan is). Dit is nodeloos om die vraagstuk van meerderheidsondermyning te probeer vermy of oplos. Om egter daarmee sáám te leef, kan heilsaam wees, want die spanning wat dié vraagstuk lewend hou, kan skeppend help vorm gee aan 'n grondwetlike orde, eerder as om dit te bedreig (Botha, 2000:578-581), deur byvoorbeeld 'n institusioneel bemiddelde tweegesprek tussen die wetgewer en die regbank op dreef te kry en aan die gang te help hou (De Ville, 2000:20-26).

---

wat insluit "enige kwessie waarby die uitleg, beskerming of afdwinging van die Grondwet betrokke is" (art. 169(a)).

8 Hierdie artikel gee besonderhede oor dié in voetnoot 7 vermelde howe se magte in grondwetlike aangeleenthede. Van besondere betekenis vir die handhawing van grondwetlike oppergesag is hierdie howe se grondwetlike *plig* ("a court must ... ") om te "verklaar dat enige regsvoorskrif of optrede wat met die Grondwet onbestaanbaar is, ongeldig is in die mate waarin dit onbestaanbaar is" (art. 172(1)(a); vgl. ook *Mkangeli v. Joubert* 2001 (4) B.C.L.R. 316 (K.H.) par. 10).

## 4. Slotperspektief

Die sentrale gedagte in hierdie artikel is hoegenaamd nie nuut of modern (of modieus-"postmodern") nie. Dit herinner sterk aan 'n uitspraak, bykans twee millennia gelede, van die bekende sendingreisiger en prediker, Paulus: "[A]s ek swak is, is ek sterk" (2 Kor. 12:10). Met hierdie uitspraak verwoord hy 'n insig wat geput is uit intense, persoonlike ervaring (vgl. 2 Kor. 12:1-10). Geroepe om, as "heiden-"apostel baanbrekerswerk te doen, is Paulus deur 'n "doring in die vlees" (die een of ander fisiese of psigiese gebrek, waaroor besonderhede nie bekend is nie) gekortwiek. Hy kom mettertyd (maar nie maklik nie!) tot die bevrydende slotsom dat die "doring in die vlees" vir hom en sy werk nodig is om te voorkom dat hy homself "verhef", dit wil sê hoogmoedig word. Hy het God "tot driemaal toe" gebid om die gebrek van hom weg te neem, maar God se slotreël was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is" (2 Kor. 12:9). Sedertdien, sê Paulus, roem hy hom op sy swakheid in plaas van sy krag – want sy swakheid is sy krag.

Veel is reeds gedoen en vermag om die apartheidsdoring vir goed uit die PUK se vlees te verwyder en die prognose lyk goed! Een van die terapeutiese prosedures was om die formele, monumentale en triomfantlike manifesterings van CHO as institusionele merkteken prys te gee en grondwetlike waardes in die plek daarvan te stel. Abstrak en in isolasie beskou is sulke waardes egter ook niks meer as stom monumente nie. Gestaltegewing aan hierdie waardes in praktiese situasies sal nodig wees om van stom monumente lewende gedenktekens in die institusionele lewe van die PUK te maak. Dit kan soms op 'n skouspelagtige wyse geskied, maar ek verstout my om te voorspel dat dit meesal eerder op 'n pretensielose, beheerste en "suurdeegagtige" wyse sal gebeur. Dit is hier, as gedenkteken op voetsoolvlak, waar die PUK-beginsel, indien dit 'n toekoms het, die aktiefste en die gesondste sal bly lewe.

## Geraadpleegde bronne

BOTHA, HENK. 2000. Democracy and rights: constitutional interpretation in a postrealist world. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg,* 63(4):561-581.

CILLIERS, PAUL. 2004. Do modest positions have to be weak? A view from complexity. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Intreerede as professor in Filosofie.)

COCKRELL, ALFRED. 1996. Rainbow jurisprudence. *South African Journal on Human Rights,* 12(1):1-38.

CURRIE, IAIN & DE WAAL, JOHAN. 2005. The Bill of Rights handbook. 5de uitg. Lansdowne: Juta.

DAVIS, DENNIS, CHASKALSON, MATTHEW & DE WAAL, JOHAN. 1994. Democracy and constitutionalism: the role of constitutional interpretation. (*In* Van Wyk, D., Dugard, J., De Villiers, B. & Davis, D., *eds.* Rights and constitutionalism: the new South African legal order. Kenwyn: Juta. p. 1-130.)

DE VILLE, J.R. 2000. Constitutional and statutory interpretation. Interdoc Consultants.

DU PLESSIS, LOURENS. 2000. The South African Constitution as memory and promise. *Stellenbosse Regstydskrif*, 11(3):385-394.

DU PLESSIS, LOURENS. 2002. Re-interpretation of statutes. Durban: Butterworths.

DU PLESSIS, LOURENS. 2006. Subsidiariteit in grondwetsvertolking en -beregting. (*In* Nagel, Chris. Gedenkbundel vir J.M.T. Labuschagne. Durban: LexisNexis Butterworths. p. 207-228.)

NIETZSCHE, F.W. 1920-1929. *Gesammelte Werke VIII.* München: Musarion.

SNYMAN, Johannes. 1998. Interpretation and the politics of memory. *Acta Juridica*: 312-337.

TUSHNET, MARK V. 1985. Anti-formalism in recent constitutional theory. *Michigan Law Review,* 83:1502-1544.

## Wetstekste

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993.

Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening, Wet 34 van 1995.

Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfsreg, Wet 62 van 1997.

Wet op Hoër Onderwys, Wet 101 van 1997.

## Hofsake

Bührmann v. Nkosi and Another 2001 (1) S.A. 1145 (T.).

Crossley and Others v. National Commissioner of South-African Police Service and Others, [2004] 3 All S.A. 436 (T.).

Du Plooy v. Minister of Correctional Services and Others, [2004] 3 All S.A. 613 (T.).

Mkangeli v. Joubert 2001 (4) B.C.L.R. 316 (K.H.).

Nhlaathi and Others v. Fick 2003 (7) B.C.L.R. 806 (L.C.C.).

Nhlabathi and Others v. Fick 2003 (7) B.C.L.R. 806 (L.C.C.).

Nkosi and Another v. Bührmann 2002 (1) S.A. 372 (H.H.A.).

S. v. Makwanyane and Another, 1995 (6) B.C.L.R. 665 (1995 (3) S.A. 391) (K.H.).

S. v. Zuma and Others 1995 (4) B.C.L.R. 401 (1995 (2) S.A. 642) (K.H.).

Serole and Another v. Pienaar 2000 (1) S.A. 328 (L.C.C.).

Soobramoney v. Minister of Health KwaZulu-Natal, 1997 (12) B.C.L.R.1696 (K.H.).

**Kernbegrippe:**

gedenktekens
grondwet
grondwetvertolking
kompleksiteit
monumente

**Key concepts:**

complexity
constitution
constitutional interpretation
memorials
monuments